

Die Christelike Vrou

Lééf die liefde



Amptelike mondstuk van die NHSV



November/Desember 2020

Ligdraers op pad na 2021

Wanneer jy 'n lig vir iemand anders aansteek, sal dit jou pad ook verlig...

Die jaar 2020 word gekenmerk deur groot aanpassings en uitdagings op alle terreine, maar veral in ons persoonlike lewe, wat ons werk- en kerkomgewing insluit. Met die dophou van sterftesyfers wat wêreldwyd klim, het ons besef hoe kosbaar elke lewe is. 'n Swak lands- en wêreld ekonomie het ons geleer om twee keer te dink en met minder klaar te kom. Werksverliese rondom ons het ons laat besef hoe bevoorreg ons is om 'n werk te kan hê, en ons moes uitreik na dié wat nie so bevoorreg is nie. Teen die einde van die jaar probeer ons steeds om sin te vind in die gebeure rondom ons en ook om sinvolle beplanning te doen vir 2021 en die toekoms.

Die NHSV Dagbestuur het aanvanklik beplan om die **Nasionale Kongres van 2020** te skuif na 2021 vanweë die pandemie. Na die afgelope NHSV Dagbestuursvergadering, waar verskeie opsies deeglik bespreek is, al die voor- en nadele teen mekaar opgeweeg is en gemeentes en NHSV takke se huidige situasies in ag geneem is, is die besluit geneem om die Nasionale Kongres van 2020/2021 af te stel. Ons 49ste Nasionale Kongres sal dus DV plaasvind in 2023.

NHSV Streekbyeenkomste vir 2021 sal steeds voortgaan soos ons aanvanklik beplan het vir volgende jaar. Ons 2020-tema – *Lééf die liefde* – “Laat julle lig so voor die mense skyn” – is ook ons tema vir 2021 en word gebruik vir die streekbyeenkomste wat gaan plaasvind.

Die Nasionale Kongres dien altyd as vertrekpunt vir die volgende drie jaar se beplanning en aksiestappe wat daaruit vloei. Die NHSV Dagbestuur het dit goedgevind om die naweek van 19-21 Februarie 2021, wanneer die NHSV Hoofbestuursvergadering plaasvind, in te rig in die vorm van 'n **NHSV Blomberaad**. Die belangrikste punte wat by die Nasionale Kongres behandel sou word, sal tydens die Blomberaad in diepte bespreek word tydens 'n werksessie om beplanning vir die volgende drie jaar in plek te stel. Na afloop van die Blomberaad sal al die gebruiklike verslae wat by die Nasionale Kongres sou gedien het, beskikbaar wees vir NHSV takke, asook die beplanning vir die drie jaar vorentoe.

2020 is in ons geheue ingegraveer met positiewe sowel as negatiewe herinneringe. Wanneer ons terugkyk, sien ons dalk foute, hartseer en pyn wat hierdie jaar deel was van ons lewe. Hierdie ervarings het ons egter sterker gemaak, ons het waardevolle lesse geleer en besef dat ons baie het om voor dankbaar te wees. Mag ons ligdraers in hierdie wêreld wees en 2021 hoopvol tegemoet stap met 'n dankbare hart dat God vir ons sorg.

Mari-lizé Beukes

Voorsitter: NHSV Hoofbestuur



Wie is dit?



Wie kan Hy tog wees?

Kersfees 2020

Ds Neels Marais



Lees Lukas 2:1-7

'n Paar vrae om mee te begin:

- Wie was hierdie Kind wat meer as 2 000 gelede gebore is?
- Wie was hierdie Seuntjie wie se verjaardag wêreldwyd op 25 Desember gevier word?
- Tydens sy aardse leeftyd het selfs sy tydgenote die vraag gevra...
- Ons lees onder andere met sy intog in Jerusalem dat die hele stad in beroering is, en dan vra die mense die vraag in Matteus 21:10: *Wie is hierdie man?*

TIME MAGAZINE

In Desember 2013 het *Time Magazine* 'n lys opgestel van die 100 mees betekenisvolle mense in die geskiedenis. Onder hulle was: Michelangelo, Galileo, Shakespeare, Isaac Newton, Albert Einstein, Napoleon, Alexander die Grote en vele ander bekendes. Raai **wie was in die eerste plek?**

Time Magazine, wat 'n sekulêre publikasie is, plaas Jesus van Nasaret heel bo aan die lys. Volgens hul maatstawwe is Jesus Christus se lewe die mees betekenisvolle lewe wat nog geleef is.

Wie was hierdie Man? Wie kan Hy tog wees?

PELIKAN

Prof Yerislav Pelikan van die bekende Ivy League Universiteit in Yale sê: *Ten spyte van wat 'n mens op 'n persoonlike vlak van Jesus Christus dink of glo, is Hy die afgelope 2 000 jaar die mees dominante invloed in ons Westerse kultuur.*

Wie was Hy? Wie was Hy dat mense van oraloor gefassineer is deur Hom?

PLEKNAME

Wie was hierdie Man dat mense oral in die wêreld dorpe en stede na Hom of sy volgelinge, sy dissipels, vernoem het? Wêreldname soos: Christchurch (Nieu-Seeland); St Petersburg (Rusland); St Andrews (Skotland); St Paul (VSA); El Salvador (tussen Noord- en Suid Amerika).

'n Mens kan nie na 'n wêreldkaart kyk sonder om herinner te word aan Jesus Christus nie... Ook in Suid-Afrika is daar plekname wat verbintenis het met Christus. Dink byvoorbeeld aan Bethlehem in die Oos-Vrystaat, na aanleiding van sy geboorteplek.

Wie was hierdie Babatjie wie se invloed op elke wêreldkaart gesien kan word?

- Jesus het nooit sitting in enige regering gehad nie.
- Jesus het nie 'n weermag gelei nie.
- Jesus het nooit 'n boek geskryf nie.
- Sy volgelinge was in die oë van die samelewing glad nie belangrik nie – gewone mense sonder 'n behoorlike opvoeding, maar *deur* hulle het Hy die mees invloedryke beweging aan die wêreld gegee.

JESUS HET KOM VERANDER HOE ONS OOR DIE GESKIEDENIS DINK

Gebeure is vroeër gedateer in terme van die wêreldleiers:

- Jaar 1 van die heerskappy van koning Herodes.
- Jaar 16 van die heerskappy van keiser Augustus.

Oor tyd heen het die greep wat hierdie konings en keiser op die mensdom gehad het egter verslap en het 'n ANDER KONING se heerskappy al hoe sterker en sterker gegroei.



ANNO DOMINI

In the year of
our Lord



Teen die sesde eeu het 'n monnik begin om die wêreldgeskiedenis op 'n nuwe manier te dateer. Hy het die *Anno Domini*-era ingelei, en tot vandag toe nog gebruik ons die kalender wat hy aan die wêreld gegee het. Die *Anno Domini*-era is die kalender wat wêreldgebeure dateer met betrekking tot Jesus Christus se geboorte: Ons is vanjaar in die jaar 2020 AD. 2 020 jaar nadat Jesus Christus gebore is.

Hierdie kalender was nie net 'n vernuftige stuk werk deur 'n hiperintelligente monnik nie. Nee, dit was 'n idee, 'n proklamasie dat die wêreldgeskiedenis nie om Rome of die een of ander aardse koning draai nie, maar om die Man wat in 'n stal in Betlehem gebore is. Hierdie kalender wys vir ons dat die geskiedenis iewers heen beweeg en dat daar iemand is wat nuwe lewe in ons eie geskiedenis kom blaas het.

Wanneer enigiemand dus op enige plek in die wêreld na 'n datum of kalender kyk, word hy of sy daaraan herinner dat Jesus Christus die middelpunt van die geskiedenis geword het. As jy na die geskiedenisboeke gaan kyk of dit gaan google, sal jy sien –

- Nero het gesterf in die jaar 68 ... van onse Here.
- Napoleon het gesterf in die jaar 1821 ... van onse Here.
- Hitler het gesterf in die jaar 1945 ... van onse Here.
- Stalin het gesterf in die jaar 1953 ... van onse Here.

Elke koning wat gebore word, elke heerser wat sterf, elke president wat aan bewind kom, elke eerste minister wat ingesweer word, se lewe word gedateer met verwysing na die Seun van Josef en Maria.

JESUS HET DIE WÊRELD KOM LEER HOE OM OM TE GEE VIR ANDER

In die antieke Grieks-Romeinse wêreld is mense wat baie sterk en baie mooi en baie slim en baie invloedryk was, bewonder. Mense op die rand van die samelewing is nie geag nie. Die armes en swakkes was nie van veel waarde nie. In die antieke wêreld kon jy 'n pasgebore babatjie buite los om te sterf as dié babatjie die verkeerde geslag was...

Goddank, tye het verander, maar dit het nie maar net toevallig gebeur nie.

Daar was 'n groepie volgelinge wat 'n leier gehad het en hierdie leier het gesê: *Laat die kindertjies na My toe kom*. Hierdie groep dissipels het die kinders ingeneem, en hulle het uiteindelik weeshuise en kinderhuise gestig.

Daar is ook nie net na die weeskinders gekyk nie, maar ook na die weduwees. In die antieke tyd is daar belasting teen weduwees gehef omdat hulle gesien is as 'n las op die samelewing.

Iemand het dit kom verander. Iemand wat aan 'n kruis gehang het, het aan sy

liefingdissipel gesê dat hy na sy ma moet kyk as sy tyd hier op aarde verby was.

Tydens die eerste 200 jaar van die kerk was daar twee epidemies wat nagenoeg 25% tot 33% van die totale wêreldbevolking uitgewis het. Die mense wat siek was, is uit die huise en dorpie en stede gegooi. Hulle is deur hul eie mense, hul eie families verwerp, maar die Christene, wat volgelingen was van Jesus van Nasaret, het hierdie dodelike siek mense versorg. Hulle het dit gedoen omdat hul leier omgee het vir die melaatses en die blindes en die dowes en die kreupeles. Deur hulle het daar hospitale ontstaan. Deur hulle het organisasies soos die Rooikruis en die Heilsleer die lewe gesien.

Wie was hierdie Man wat die lot van die wese en die weduwees en die swakkes en siekes kom verander het?

OPVOEDING

In die Griekse wêreld was onderrig gewoonlik net gerig op die seuns, en dit was gewoonlik ook net die elite wat dit kon bekostig. In die Joodse wêreld het die rabbi's ook geen vroulike dissipels, vroulike leerders gehad nie.

Jesus het egter almal geleer: mans en vroue, kinders en senior burgers, Jode en nie-Jode. Sy laaste opdrag was om die wêreld in te gaan en almal te gaan onderrig: *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels.*

Danksy Jesus se volgelingen en sy Gees wat in hulle werk, is volke onderrig, skole gebou en universiteite begin: Universiteite van Parys, Oxford, Cambridge, Harvard, Yale – sentrums van onderrig wat geopen is in die Naam van die Here. Interessant is die leuse van Oxford: *Die Here is my lig.*

Wie was hierdie Man wat mense geïnspireer het om die mensdom op te voed?

KUNS

Sonder Jesus was ons wêreld se kunsskat soveel armer:

- Sonder Jesus sou Leonarda da Vinci nooit die *Laaste Avondmaal* geskilder het nie.
- Sonder Jesus was daar geen Sint Pieterskerk nie, geen *Piëta* nie.
- Sonder Jesus sou ons nie die musiek van Bach gehad het wat al sy werke aan sy Here en sy God opgedra het nie; geen *Requiem* van Mozart nie; geen *Pie Jesu* van Andrew Lloyd Webber nie, en geen *Hallelujakoer* nie.

Geen mens het die verbeelding van die skrywers en die musici en die kunstenaars van hierdie wêreld so aangegryp soos die Man van wie ons in die Nuwe Testament lees nie.

Wie was hierdie man wat die wetenskap en die kunste vir altyd kom verander het?

DIE REGTE VRAAG is egter nie wie WAS hierdie Man nie. Die vraag is eintlik wie IS hierdie Man?

- Hy is die Een wat in die middelpunt staan van die geskiedenis van die mensdom en van die wêreld.
 - Hy is die Een wat hoop in ons wêreld gebring het.
 - Hy is die grootste Leermeester ooit.
 - Hy is die Skenker van die beste gawes.
 - Hy is ons Herder; die Koning van die konings; die Here van die Heersers; die Seun van Hom aan wie die lof toekom; die Een wat sit aan die regterhand van God, en die Een wat bid en pleit vir ons.
 - Hy is die Een wat is, wat was en wat weer kom.

Geseënde Kersfees!



Mark toe!



Foto's:
Hannelie Botha,
Antoinette Scott &
Kobus Kritzing

Dorpsmarkte herleef glorieryk

Ds Hannelie Botha

Die markplein in die dorp of stad is niks nuut nie. Markte waar allerhande produkte te kry is – van groente tot lewende hawe en selfs slawe – is seker amper so oud soos die berge.

In ons moderne tyd is markte besig om te herleef. Daar is min dinge so lekker soos om onder die bome saam met vriende of familie te kuier en boonop lekker vars, plaaslike produkte teen goeie pryse te kan kry.

Daar was waarskynlik ietwat van 'n "afplating" toe supermarkte die lewe betree het. Saam met supermarkte het egter ook massaproduksie gekom, en massaproduksie het natuurlik sy eie tekortkominge...

Daar is soveel pluspunte van dorpsmarkte dat ek hier net so een of twee noem. Met dorpsmarkte ondersteun 'n mens gewoonlik juis die plaaslike produsente (wat soms maar aan 'n redelike kort end trek), en dit is 'n heerlike gesinsaktiwiteit waar jy selfs vir Woef kan saamneem.

In ons tuisdorp het ons die [Rawsonville Kosmark](#) wat elke laaste Saterdag van die maand onder die bome by die kerk op die dorp plaasvind. Tans is dit 'n redelike klein mark, maar die ambiance en absoluut uitstekende produkte is uitsonderlik. Hier het ons varser as vars groente en vrugte wat etlike meters van die mark af verbou word, heerlike gebak, ander plaasprodukte, behoorlike koffie en 'n impromptu boereorkes. Hierdie maand vat ek beslis my trekklavier en kitaar saam! Hier het ek ook (dalk vir die eerste keer in baie jare?) regte, egte boerbone gekoop. En bloubessies wat my buurman so 50 meter van my af verbou. En olyfbiltong. En organiese eiers en spinasie en heuning en... O ja, een verkoper maak spesiale kase. Verlede keer het sy bitter min voorraad gehad, want haar koei kom nou net uit kraamverlof en dan kan sy nie kaas maak nie. Ja, sy het net een koei!

Worcester het die [Pure Boland Plaasmark](#) of, kortweg, die [Groenstoer](#), wat nou al vir etlike jare dié plek is om te wees. Hierdie mark is baie gewild en innoverend. Dit is nou 'n behoorlike kuierplek vir mense van heinde en ver. Gedurende die inperking, toe mense byna nêrens kon heen en niks kon doen nie, het die organiseerders van hierdie mark eenvoudig besluit om dan nou die mark na die mense toe te vat. Só is die "markboks" gebore wat mense via die [webblad](#) kon bestel en wat bestaan uit 'n verskeidenheid produkte wat normaalweg op markdag beskikbaar sou wees. Noudat die inperking aansienlik verslap is, gaan die markbokse voort.

[Robertson Vallei-mark](#) (voorheen bekend as die Boeremark) bestaan sedert ongeveer 2005. Destyds het die mark baie meer vars produkte, vrugte en groente gehad, en lekker vars gebakte goed soos Ouma sou maak op die plaas ... en het só die naam Boeremark regtig gestand gedoen.

"Met verloop van tyd verander dinge. Dit verg deursettingsvermoë. 'n Mens besef gou dat die doen van markte nie noodwendig net gaan oor bemarking nie, maar ook om mense te ontmoet, vriende te maak, daardie *bymekaarkom* waarna mense begin uitsien, en 'n liefde vir die gemeenskap. Dit is my ervaring op die platteland," sê Cindy van Wyk, organiseerder van die Robertson-mark. "Mense kom en gaan, produkvereistes verander, ander produkte word soms minder beskikbaar, daar moet besluite geneem word, en so ook die besluit om die naam na die Robertson Vallei-mark te verander. Sodoende kan die mark ook oop wees vir ander verskaffers wat nie noodwendig onder die vereistes van 'n *boeremarkstalletjiehouer* val nie. Verandering is nie altyd lekker nie, maar soms nodig en as jy daarmee groei, sien jy die goeie.

Alhoewel die naam verander het, bied die mark steeds plaaslike (en ook minder plaaslike) produkte van goeie gehalte. 'n Mens kan nog steeds *lekker gebak en ingelegde goedjies* soos Ouma gemaak het vind, maar ook 'n verskeidenheid ander goedere.



Dorpsmarkte herleef glorieryk

Vervolg

Dit is 'n seën en 'n voorreg om deel te wees van 'n *plattelandse markie* waar mense tyd kan neem om mekaar te leer ken. Sommige dae is beslis stadiger as ander, maar tog goed. Diegene wat gewoon daarvan hou om op 'n mark te wees en familie en vriende daar te ontmoet, neem altyd iets goeds huis toe. Ons verwelkom ook die geleentheid om nuwe mense te ontmoet wanneer besoekers, toeriste, kampeerders en vakansiegangers in ons dorp is. Ons wil u graag ontmoet."

Volgens Elzette du Toit het die [Worcester Kersmark](#) (by die NG Oos-gemeente in Worcester) rondom 1998/1999 sy nederige ontstaan gehad en is dit deur drie gemeentevroue met die ondersteuning van die leraars in drie maande gereël. Die eerste mark het ongeveer 40 uitstallers gehad en het so drie of vier dae geduur. Sedertdien het die mark gegroei tot die sukses wat dit steeds vandag is, en ons glo ook vanjaar sal wees ten spyte van Covid-19 wat hard gepoog het om 'n stok in die wiel te steek. "Ons verwelkom vanjaar sowat 140 uitstallers met oulike en bekostigbare produkte, en die mark loop oor 13 dae – die langste een nog. Dit bly jaar na jaar 'n uitdaging om nuwe produkte te kry waarvan daar nie reeds 'n oorvloed beskikbaar is nie. Veral produkte en geskenke vir mans is soms 'n kopseer. Die kreatiwiteit en idees waarmee mense vorendag kom om iets unieks te maak van 'n alledaagse produk, verstom my steeds. Ons spits ons daarop toe om grotendeels tuisgemaakte produkte aan te bied, en ek hou daarvan om plaaslike entrepreneurs 'n kans te bied om deel te word van die mark. Die mark bied in hierdie uitdagende tye 'n welkome inkomste aan die gemeente sowel as elke uitstaller wat deelneem. Ons is dankbaar teenoor die Here wat voortdurend hierdie mark en elke persoon betrokke werklik seën."

Die koste om as uitstaller deel te neem aan markte, wissel na gelang van verskeie faktore. Dit hang onder andere af van hoe besig die mark normaalweg is, waar dit geleë is, ensovoorts. Van die kleiner dorpsmarkte vra slegs 'n persentasie (soos 10%) van verkope op die dag, ander vra slegs 'n eenmalige, klein bedrag (R60). Die groter en besiger markte se koste werk op dieselfde basis, maar is aansienlik hoër. Byvoorbeeld kos die een mark hier R360 per dag en die langer Kersmark R300 vir 'n halwe tafel (R500 vir 'n hele tafel) vir twee weke se uitstalling/verkope plus 18% van verkope.

As jy nog nooit by 'n dorps- of boeremark was nie, gaan google-loer vir markte in jou omgewing. En vat genoeg geld saam! (Onthou net dat sommige van die markte nie kaart- of ander elektroniese betaalfasiliteite het nie.)



Carin van Rensburg - ons nommer 1

Ds Hannelie Botha



Die vrou in ons Kerk is knap. Ons predikante se eggenotes is ook knap – elkeen op haar eie manier. Predikantsvroue het gewoonlik sommer baie hooi op hul vurke. Party van hulle laai daardie vurke soms baie hoog...

Carin van Rensburg van Paarl is een van hierdie knap predikantsvroue met 'n hooggelaai hooivurk. Sy is nie net die vrou van ds Johann (Jakkals) van Rensburg nie, maar ook 'n plaaskind wat saam met haar man steeds op haar geboorteplaas woon. Ds Jakkals is sowel predikant as wynmaker! Carin bestuur ook die gastehuis op die plaas. Om al hierdie balle in die lug te kan hou – of die hooi op die vurk! – verg 'n gesonde liggaam en gees.

Sy speel tennis. Nie sommer net so 'n bietjie heen-en-weer-slaan nie – sy speel goed! Só goed dat sy onlangs die nommer 1-plek behaal het op die Suid-Afrikaanse ranglys vir vroulike tennisspelers in die ouderdomsgroep 60-65. Sy gaan volgende jaar (2021) haar senior span aanvoer wanneer hulle in Baco Raton in Florida, VSA gaan deelneem aan die ITF Senior World Team Championships. Toe Carin aanvanklik gekies is om deel te neem, was sy in die nommer 2-plek. Omdat die Covid-19-pandemie baie dinge deurmekaar gekrap het, kon die kampioenskappe nie plaasvind soos beplan nie. Dit is slegs uitgestel en dit het beteken dat die ranglys kon verander... Carin het teen die einde van September al ses haar wedstryde by die Growthpoint Seniors Super 6 Winelands gewen, waaronder ook die wedstryd teen die nommer 1 gekeurde dame.

Carin moes tydens die Covid-19-inperking soos almal maar "kreatief" te werk gaan om fiks te bly. As plaasmeisie is sy natuurlik gewoon aan plaaswerk en dit was wat sy gebruik het om *crossfit training* te doen. Tuinwerk en om bakstene heen en weer te dra, maak jou arms sterk en help dat jy die tennisballe baie harder kan slaan.

Tennis loop in die familie se bloed. Carin se pa en ma speel op gevorderde ouderdom steeds, en haar en Jakkals se drie kinders het almal tennisbeurse waarmee hulle in die VSA studeer. Wanneer beplan sy om op te hou speel? Daar is tans absoluut geen rede om op te hou nie – beslis nie. Haar ma is immers haar oefenmaat.






Sterkte vir die groot toernooie van volgende jaar, Carin! Jy maak ons reeds trots!

Medewerkers aan hierdie uitgawe:

Ds Hannelie Botha (redakteur), mev Mari-lizé Beukes, ds Neels Marais

Taalversorging: Tessa Oppermann

Foto's vanaf www.Pixabay.com tensy anders vermeld. Ander grafika van www.flaticon.com
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za

 www.nhsv.org.za	 Posbus 111, Worcester 6849	 diechristelikevrou@gmail.com
 diechristelike	 Christelike Vrou	 082 923 9439

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van *Die Christelike Vrou* se redaksie of die NHSV nie.